DIE HEILIGE GEES MAAK ONS 'N BIDDENDE EN STURENDE KERK

Lees Handelinge 13:1- 4:12

Fokus: Handelinge 13:2-3

> ***Toe hulle op 'n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het." Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan.***

God laat groot deure oopswaai op klein skarniertjies.

In Antiogië het God gereed gemaak om die wêreld ingrypend te verander.

Tot daardie tyd was die kerk se fokus nog net op Jerusalem, Judea en Samaria.

Maar God se plan was die uiteindes van die aarde.

Dit kan onomwonde gesê word: As God nie daar vir die gemeente in Antiogië duidelik gemaak het hoe Hy hulle wou gebruik om Paulus en Barnabas uit te stuur nie, sou nie een van ons vandag hier in hierdie kerk gewees het nie.

Die Heilige Gees wou een van die grootste deurbrake in die geskiedenis laat plaasvind. Paulus en Barnabas sou God se strome van lewende water laat deurvloei na Klein Asië en Paulus sou die Evangelie van daar af na Europa toe dra en van Europa af het die evangelie en spesifiek die Gereformeerde godsdiens na Suid-Afrika toe gekom.

'n Gemeente word deel van God se strome van lewende water

In Antiogië het die woorde van Jesus volgens Johannes 7:36-39 in vervulling gegaan:

Daar lees ons hoe Jesus by die loofhutte fees op die laaste dag, die groot dag van die fees, gestaan en uitgeroep en gesê het: *As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.*

Wanneer iemand werklik met sy hele hart aan die Here Jesus behoort en vervul word met die Gees van God, dan word Jesus en die koms van sy koninkryk vir so iemand kosbaar.

Dan is die Christelike godsdiens meer as om bloot 'n stel reëls te aanvaar of om bloot met jou verstand 'n bepaalde soort filosofie te huldig.

Ware geloof is baie meer as om maar net oorgeërfde tradisies in stand te hou.

Natuurlik moet mens se geloof die regte inhoud hê.

Natuurlik moet die inhoud van jou geloof ooreenstem met die Skrif. Daarom het ons Gereformeerde Belydenisskrifte wat ons sommer van kleins af op katkisasie leer. As ons geloof nie die regte leerinhoud het nie, is ons geloof soos 'n huis wat geen fondamente het nie.

Maar, netsoos 'n huis baie meer as fondamente het, is ware geloof baie, baie meer as 'n blote intellektuele kennis van leerinhoude.

Ons moet die Here nie net dien met ons verstand nie, maar bo alles liefhê met ons hart.

God sê: "My kind, gee my jou hart!" (Dt 6:4)

Dit is wat in die gemeente in Antiogië gebeur het.

Wanneer dit in 'n gemeente gebeur word hulle mense wat gereeld en opreg bid vir die groei van God se kerk.

Innige bewoënheid vir velore mense

Hulle ontwikkel dieselfde bewoënheid vir 'n verloregaande wêreld as die Here Jesus self en dit bring hulle op hulle knieë.

Dan gebeur daar in julle lewens dit wat Jesus in Matteus 9 gesê het.

Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie ’n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”

- Sending en evangelisasie kom uit God se bewoë hart.

Hierdie gedeelte laat my dink aan ‘n insident wat ek as kind op ‘n plaas belewe het. My oorlede pa het ‘n kudde van so om en by ‘n honderd skape gehad wat hy regtig liefgehad het en ten beste versorg het.

Een Sondag was ons kerk toe en toe het daar ‘n klomp wilde honde onder die skape gekom. Sulke honde gryp nie net een skaap nie, maar byt en verskeur ‘n hele aantal. Toe ons by die plaas se hek inry sien ons ‘n klomp bebloede skape met gapende wonde blêr en verward rondskarrel.

My pa was ‘n groot sterk man vir wie ons groot respek gehad het, maar daardie dag het ek as kind hierdie groot sterk man sien huil.

Iets daarvan het met Jesus in Matteus 9 gebeur. Hy kyk na ‘n skare mense wat deur Satan en sonde verward en verskeur is en hy kry hulle innig jammer. Hy is diep bewoë oor hulle.

Maar dan is sy opdrag nie: “Hardloop, verbind wonde, gee medisyne, gaan verpleeg nie.”

Nee sy eerste opdrag is: “Bid!”

Waar die Heilige Gees ons aan Jesus vasbind dan maak Hy ons bidders. Ons bid vir ‘n stukkende gebroke wêreld wat van God en sy Woord en sy liefde vervreemd is.

Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.

Presies dit het in die gemeente in Antiogië in Handelinge 13 gebeur.

Die biddende gemeente in Antiogië

Hulle was die eerste gemeente wat nie net aan Jode nie maar ook aan heidene, nie-Jode, die evangelie verkondig het en van die mense het deel van hulle gemeente geword.

Kyk na vers 1: Onder die profete en leraars in die gemeente in Antiogië was Barnabas, Simeon wat ook Niger genoem is, Lucius van Sirene, Manaen wat saam met die heerser Herodes grootgeword het, en Saulus.

Merkwaardig is dat hierdie “kerkraad” in Antiogië duidelik ’n veelrassige en multikulturele “kerkraad” was. Barnabas was ‘n Jood, Simeon Niger was ’n swart man en Lucius van Sirene was ’n Griek en Manean was waarskynlik ’n Jood van Romeinse afkoms.

Maar hulle handhaaf en ervaar ’n diep eenheid voor die Here, juis omdat hulle diep en opregte soeke na die Here se wil vir hulle belangriker is as hulle kulturele afkoms.

Hulle het juis daarom gebid.

Ons lees hier in Handelinge 13:2 dat hulle op ’n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas.

Hulle was besig om te bid. Letterlik staan daar hulle was besig met ***liturgie***. Hulle was besig met ***erediens*****.**

Die feit dat hulle ook GEVAS het, dui op absolute toewyding aan die Here. Hulle het meer honger gehad vir die Here en sy wil as ’n honger vir kos.

Hulle biddende gesindheid was: “Here hier is ons. Hoe wil U ons en hierdie kerk in Antiogië gebruik in die koms van U koninkryk? Lei ons, maak vir ons duidelik wat is U volgende stap vir hierdie kerk?”

‘n Biddende gemeente kry visie

Dan maak die Heilige Gees hulle bewus van sy nuwe offensief.

Kyk na die woorde in vers 2: Die Heilige Gees sê: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af...”

Met ander woorde die Heilige Gees het hierdie 2 manne LANKAL geroep. Dit het nie daar in die samekoms gebeur nie. God maak hulle en die gemeente nou slegs bewus van sy roeping. Dit is nou slegs in die samekoms bevestig.

- **Leiers ondervind die leiding van die Heilige Gees wanneer hulle in liefdevolle eenheid saam vas en aanbid.**

Nadat die voorgangers, die kerkraad, biddende duidelikheid gekry het oor God se wil, maak hulle dit aan die gemeente bekend en die gemeente omhels entoesiasties die visie.

Kyk Vers 3: *Nadat die gemeente (ook) gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan.*

Sou daar vandag nog kerke wees wat letterlik vas en met groot erns bid om sendelinge uit te stuur?

In Antiogië God self het vir hulle belangriker geword as alles.

Die uitbreiding van die koninkryk het hulle passie word. Daarom was sending en die uitdra van die Evangelie vir hulle nie maar 'n aspek van die kerk se werk nie, maar alles wat in die gemeente gedoen is het 'n fokus gekry het om God werklik te verheerlik en sy Naam naby en ver en tot by die uithoeke van die aarde uit te dra.

Daarom lees ons dat die gemeente vir Paulus en Barnabas hande oplê.

- Dit beteken die gemeente erken entoesiasties God die Heilige Gees se roeping vir die gemeente om hierdie manne uit te stuur om nuwe gemeentes tot stand te gaan bring.
- Dit beteken dat die gemeente hulle gewig agter die uitgestuurde sendelinge ingooi het en hulle ondersteun met geldelike hulp, gebed, belangstelling, voorbidding en liefde ter wille van Christus.

Daar in Antiogië het dit gebeur waarvan ons lees in 3 Johannes God se opdrag aan die gelowiges is oor sendelinge: "Help hulle asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie. Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid."

Antiogië was 'n gemeente wat nie maar tydelik by die werk betrokke is nie.

Die uitwerking van hierdie roeping en uitstuur van die sendelinge

Ons het nie tyd om dit vandag in detail te behandel nie, maar die res van Handelinge 13 en 14 beskryf die vrug op hulle werk. Natuurlik was dit nie maklik nie. Die sendelinge het ook weerstand en stryd en selfs lyding ervaar, maar deur alles heen het heidene Christene geword ouderlinge is gekies en nuwe gemeentes is gestig.

Tog het die gemeente intiem verbonde gebly aan hulle uitgestuurde sendelinge en hulle werk. Ons lees in hoofstuk 14:26-27: *Daarvandaan is hulle (Paulus en Barnabas) met 'n skip terug na Antiogië toe, waar hulle aan die genade van God opgedra was vir die werk wat hulle nou voltooi het. By hulle aankoms het hulle die gemeente bymekaargeroep en vir hulle vertel wat God alles deur hulle gedoen het en dat Hy vir die heidene die deur van die geloof oopgemaak het.*

Antiogië het in die kerkgeskiedenis vir eeue lank bestaan. Uit hierdie kerk het groot kerkleiers soos Ignatius en Chrysostumos gekom.

Mag dit ook so wees met ons gemeente vandag dat hierdie gemeente die moeder word van baie nuwe gemeentes deur die werk van die predikante en die sendelinge en die diep betrokkenheid van die gemeente met gebede, voorbidding, medewerkers, offervaardigheid met geld.

Wat gee aan die gemeente krag daarvoor?

Alleen die Here se liefde.

Soos Paulus later in 2 Korintiërs 5:14 en 15 sê:

Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.

Michael Green, wat 'n omvattende studie gemaak het van die faktore wat meegewerk het aan die snelle groei van die Christelike kerk in die eerste eeue na Christus het gewys op die hoë prioriteit wat hulle op gebed geplaas het.

Hy vergelyk dit dan met die oppervlakkige gebedslewe van baie kerke in ons tyd en sê dan:

"Weet u van 'n kerk waar gebed een van die hoogste prioriteite is? Gebed in mense se individuele lewens, in gebedsgroepe in halwe nagte van gebed soos ons lees van die kerk in Handelinge? Ek sal u een ding vertel van so 'n kerk: So 'n gemeente sal aktief besig wees om die evangelie uit te dra! Op een of ander manier sal die goeie nuus oor verlossing deur Jesus Christus deur so 'n kerk na buite toe versprei word. Gebed is 'n prioriteit in evangelisering. Daarsonder sal lewens nie verander word nie ongeag van hoe groot ons projekte, hoe omvangryk ons aktiwiteite en hoe entoesiasties ons proklamasie is. Baie kerke sien en ervaar geen groei in getalle nie, want hulle ag dit nie belangrik genoeg om indringend daarvoor te bid nie."

Dit gebeur vandag nog op baie plekke in die wêreld.

Ek het 'n keer die voorreg gehad om die Namchun Gemeente in Busan in Korea te besoek en 'n Sondag in die gemeente te preek. By elkeen van die 4 eredienste die dag het nuwe gelowiges hulle geloof bely.

Hulle het nie minder nie as 17 sending diensgroepe wat sendingprojekte op verskillende plekke in die wêreld ondersteun. Onder andere het hulle 2 voltydse sendelinge wat saam met Gereformeerde kerke in Suid-Afrika werk en reeds 'n paar nuwe gemeentes tot stand laat kom het.

Die dag het hulle 'n lied in die erediens gesing met die volgende woorde:

Christus aan die hele wye wêreld
Sy boodskappers moet die redding
In Jesus se Naam alleen,
Aan alle lande verkondig.
En ons wat nie kan gaan,
Om sy boodskap ver en wyd te verkondig
Sal bid vir hulle wat die Woord neem
En volhou om in ons eie omgewing te getuig.
Ons sal gee en ons sal bid
Ons sal elke dag getuig
Ons sal blymoedig gee, en ootmoedig bid, elke dag,
dat die miljoene van die hele wye wêreld,
ons Verlosser se liefde mag leer ken.

Ons bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 45

116 Vraag: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom MET HARTLIKE VERSUGTINGE SONDER OPHOU DAAROM BID EN DAARVOOR DANK

In die tyd van die Reformasie, 500 jaar gelede, het baie Reformatoriese kerke 'n lied gesing waarin die Heilige Gees gevra word om sy kerk nuut en lewend te maak. Martin Luther het 'n bekende lied uit die 9e eeu, *Veni, Creator Spiritus* (Kom Heilige Gees) in Duits verwerk: ***Komm, Gott Schöpfer, Heiliger Geist.***

Gees van God wat lewend maak,
vul my meer en meer.
Gees van God wat lewend maak,
vorm my tot u eer.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, vul my al meer –
vorm my tot u eer.